Meer as oorwinnaars

- Ons vra voorbidding vir René Swart . Die wond suster kom nog gereeld haar wonde versorg, dit gee geweldige pyn en ongemak. Ons bid vir verligting van pyn en vir genesing.
- Miempie Prinsloo van Rusoord se dogter het gesterf. Sy was vir haar moeder 'n steunpilaar en het al haar sake behartig. Dink aan hulle familie en die verlies wat die afsterwe meebring.
- René Blom moet steeds verdere toetse deur loop, bid dat sy krag en moed sal kry daarvoor.
- Chris Schwartz gaan in vir 'n prosedure aan sy elmboog. Ons dra hom ook op aan die Here vir volkome herstel. Susann was ook ongesteld, kom ons bid dat sy spoedig haar kragte sal herwin.
- Alex van Wyk ervaar beterskap en is ontslaan uit die hospitaal. Ons is dankbaar dat hy weer op die been is.

- **Ons bid vir sendelinge wat in die voorste linies werk:**
  1) Bid dat die Here geleenthede sal voorsien waarin die evangelie gebring kan word.
  2) Bid dat die Gees die Woord sal gebruik om diegene te versterk.
  3) Bid dat hulle geloofsmoed en vrymoedigheid sal ontvang om die Koninkryk werk te kan doen.
  4) In lande waar vervolging is, bid dat die werk ongehinderd kan voortgaan.
  5) Mag hulle in moeilike omstandighede God se vrede en nabyheid ervaar.

Die Aankondiger

22 Augustus 2021

Omgeekerk Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Bybelstudies hervat weer v 31 Augustus

Prediker: ***Ds Gideon Du Toit***
Skriflesing Handelinge 2:42 - 47; 1 Joh 5:9 - 17
Tema: 'n Biddende gemeente
Liedere: 280 :1-3 ; 266 ; Flam 100

Dink minder aan jouself

Jakobus 4 : 10 NLV

Daar is 'n ware gesegde wat lui: 'Nederigheid is nie om minder van jouself te dink nie; dit is om minder aan jouself te dink.' Dit beteken nie dat jy 'n deurmat waaroor mense loop moet wees of dat jy ruggraatloos met geen oortuigings of opinies is nie. Ware nederigheid is om God as die bron van alles wat jy het en alles wat jy nodig het, te erken. Die Bybel sê: 'Toe vorm die Here God 'n menslike liggaam uit die stof van die aarde. Nadat Hy die asem van die lewe daarin geblaas het, het dit 'n lewende wese, die mens, geword' (Genesis 2:7 NLV).

God se bedoeling met die mensdom was dat hulle in die paradys sou bly en elke dag sy teenwoordigheid sou geniet het. Ons was egter ongehoorsaam aan Hom en het besluit om volgens ons eie reëls te lewe. Gevolglik het God gesê: '...jy is van stof gemaak en jy sal weer stof word' (Genesis 3:19 NLV). Daar word gereken dat elkeen van ons minder as vyf dollars werd is. Wanneer jy dus doodgaan en jou komponente in stof verander, is dit hoeveel jy fisies werd is. Dit maak mens redelik nederig!

Wanneer jy dus jou luukse kar bestuur, onthou dat minder as vyf dollars dit bestuur. Minder as vyf dollars bly in 'n mooi huis. Minder as vyf dollars dra ontwerpersklere. Paulus definieer nederigheid as volg: '...ek [sê] aan elkeen van julle dat jy nie jouself moet oorskat nie, maar dat jy jouself nugter moet beoordeel...' (Romeine 12:3 NLV).

Wil jy weet wat jou kosbaar maak? '...Christus leef in julle. Dit is die waarborg dat julle in die hemelse heerlikheid sal deel' (Kolossense 1:27 NLV).

KENNISGEWINGS

LYTTELTON
Garden flat.
R5500pm. 2 bedr,
1½ bathr, shower,
kitch, open plan.
garage, prepaid.
NO PETS. **Dep**
R7000. Near schools.
Next to military base.
Safe. Near soltech,
all highways.
078-952-5634

Bereddering van boedels
met 'n waarde van R250 000
en minder.
Kontak Marietjie by
071 542 0285

Baie geluk aan almal wat verjaar :

22 - 28 Augustus

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Van Rooyen	Susaar	08/22	012 664 4639	0833791463
Mostert	Nadia Anné	08/23	012 664 4652	
Vosloo	Jan	08/23		
Goosen	Hans	08/24	012 6640370	0848183212
Blignaut	Ernie	08/25		0822149203
Cilliers	Riekie	08/25		0829567154
Duvenage	Kate	08/25		
Crafford	Telana	08/26		
Van Heerden	Annalie	08/26	012 664 1458	0824616913
Klerck	Werner	08/27	012 664 2261	0723229357
Nel	Adriaan	08/28		0827814223
Visagie	Miemie	08/28		
Wiese	Bianca	08/28		

Resepteboek

Ons gemeente word vanjaar 60 jaar oud! Help asseblief dat ons van hierdie jaar 'n onvergeetlike jaar maak. Om dié spesiale geleentheid te herdenk, wil ons baie graag 'n resepteboek uitgee.

Elkeen van julle het een of meer spesiale resepte. Deel daardie beproefde resep – dit kan 'n ontbyt, middagete, aandete, of 'n heerlike koek, tert of nagereg resep wees sodat ons dit kan oorweeg vir plasing in die resepteboek. Dit kan 'n handgeskrewe of getikte resep wees, ou mate of metrieke mate wees. As jy 'n kort storie daaroor het, stuur dit asseblief daarmee saam – vertel vir ons waar dié resep vandaan kom.

Ons sal graag vroeg in Augustus met die samestelling wil begin, daarom vra ons dat julle dit na Susann by die Kerkkantoor teen die einde van Julie sal stuur.

Baie dankie, Susann en Marlene